# HEIDEKOPPIE NUUS

HEIDEKOPPIE
*Die Gemeente met Oop Deure*

BELEEF BEHOORT BEDIEN




## EREDIENSTE

**VANDAG**

**Deuroffers:** Uitreikbediening

Ds Anton

*Bly in My.*

*Remain in Me.*

Joh 15:1-8

**08:30**

Kontemporêre diens

Bababediening, Kinderkerke, Space

**10:15**

Klassieke Diens

**10:30**

Belydenisklas



## EREDIENSTE

**SONDAG 9 AUG**

Langnaweek:

Slegs een diens om 08:30

**SONDAG 16 AUG**

08:30 Contemporary Service

COMMUNION

10:15 Klassieke Diens

NAGMAAL

## PROGRAM

| Ma | Di | Woe | Do | Vry | Sa |
|---|---|---|---|---|---|
| 3<br>19:00 Basaarverg | 4<br>08:30 Soepel Seniors<br>18:00 Finans Bed verg<br>10:00 Silwerjare Byeenkoms | 5<br>05:45 Manna vir Manne<br>09:30 Othello Biduur<br>10:00 Klaradyn Byeenkoms<br>19:00 Huwelikskursus | 6<br>08:30 Soepel Seniors<br>09:00 Gebedsgroep<br>10:00 Bybelstudiegroep<br>19:00 Orkesoefening<br>19:00 Young Adults | 7<br>16:00 Racham | 8 |

Gemeente met Oop Deure I H.v. Protea- en Stasieweg, Brackenfell I 021 981 2690
admin@heidekoppie.com I www.heidekoppie.com I www.facebook.com/Heidekoppie
https://www.youtube.com/user/heidekoppie /
https://www.instagram.com/heidekoppiegemeentemetoopdeure/

Leraar: Ds Anton Roux 083 504 2613 I ants@heidekoppie.com
Jeugwerker: Adam Barker 074 172 9187 I adam@heidekoppie.com

# BEHOORT




## VERJAARSDAE

*Baie geluk aan die volgende persone, 70 jaar en ouer, wat verjaar!*

**Augustus**
02: Kleintjie Oivier
05: Ronnie Mouton
07: Marika Grewe
08: Annie Mouton (80jr)

"Julle is dus nie meer ... bywoners nie, maar... lede van die huisgesin van God."
Ef 2:19

SnapScan

Snap here to pay

E-skakel:
https://pos.snapscan.io/qr/Uk4Z6AES



## SILWERJARE

Silwerjare Senior Groep vergader die eerste Dinsdag van elke maand. Enige senior is welkom!

Hulle volgende byeenkoms is eersk Dinsdag 4 Aug.

Silwerjare het 'n interessante jaarprogram en daar is altyd ietsie lekkers om te eet.

Navrae: Vi Kloppers: 083 578 5789

# WELKOM!

## NUWE LIDMATE TEE

Nuwe lidmate word uitgenooi om vanoggend na die eerste diens saam te kom koffie/tee drink. Antoinette sal julle daar ontmoet.

Donderdag 13 Aug is daar om 10:00 en 19:00 inligtingsgeleenthede vir nuwe lidmate. Woon asb een by. Bevestig jou teenwoordigheid by Antoinette by 082 929 4067.




BANKBESONDERHEDE: NG Kerk Heidekoppie, Absa Brackenfell, Universele Kode: 632005
Tjekrekening nr 145 058 0674

# KWARTAAL 3 EREDIENSTE

## RUS




| | |
|---|---|
| So 26 Julie | Gewortel in rus. Rooted in rest. |
| So 2 Augustus DOOP | Bly in My. Remain in Me. |
| So 9 Augustus VROUEDAG | Ester. Gestuur na die regte plek. |
| So 16 Aug 08:30 COMMUNION (contemporary service) 10:15 NAGMAAL | Rest for the weary servant. Rus vir die moeë dienaar. |
| So 23 Augustus | Nie meer ek nie, maar die Gees in my. |
| So 30 Augustus | Vind rus in die gewone. Find rest in the ordinary. |
| So 6 Sep GETUIENISSON-DAG met Yolandé Korkie. EEN diens om 08:30. | God se rus skep ruimte vir ander. Rest that makes room. |
| So 13 September 08:30:Contemporary service 10:15: Klassieke Diens | Rest that makes us gentle. Rus wat ons sagmoedig maak. |
| So 20 September | Gestuur vanuit rus. Sent from rest. |

### OPEN DOOR SUNDAYS om 19:00

Voorlopige datums (mag dalk verander): 26 Julie, 23 Aug, 6 Sep, 20 Sep




### KOSFEES BEPLANNING

Ons Kosfees (basaar) vind vanjaar plaas op Saterdag 7 November.
Wil jy saam kom dink, droom en beplan?

**Woon die eerste beplanningsbyeenkoms môreaand (Ma 3 Aug) om 19:00 by!**

**Woon die eerste beplanningsbyeenkoms môreaand (Ma 3 Aug) om 19:00 by!**
Ons kom in die konferensiekamer bymekaar. Ingang vanaf die agterste parkeerterrein.

*Navrae:* Tanielle by 082 484 4336 of Stephan by 083 293 5716.

# HET JY GEBED NODIG?







*"Bid gereeld en gedissiplineerd. Sê ook vir God dankie vir alles wat Hy vir julle doen."*


Kol 4:2

## GEBEDSMUUR

Wil jy graag hê iemand moet saam met jou bid? Kontak Riana by 082 942 5276. Gebedsversoeke kan ook aan Riana gewhats-app word.

Gebedsversoeke kan ook op die Gebedsmuur teen die sykant van die kerk aangebring word. Die gebedsgroep bid daarvoor. Daar is pen en papier, maar jy kan dit ook tuis skryf en by die kerk kom opsit. Enige een is ook welkom om in die week by die kerk te kom bid.




## ANNA

In Lukas 2 lees ons van Anna, 'n profetes wat haar lewe aan gebed en aanbidding in die tempel gewy het.

Al was sy 'n weduwee en alreeds 84jr oud, het sy getrou gebly en toe sy baba Jesus ontmoet, het sy die hoop van Christus aan almal verkondig wat wou luister.

Anna herinner ons daaraan dat vroue van geloof nog altyd 'n belangrike rol in God se verhaal speel — deur moed, toewyding en getuienis.

Terwyl ons Vrouemaand in Augustus vier, eer ons die Anna's onder ons: Vroue wie se stille krag en getroue getuienis ons kerk en gemeenskap steeds inspireer. Wie is vir jou 'n Anna?



### DIS SOVEEL MEER AS BROODJIES

Om vir 'n begrafnis broodjies te maak of tee te bedien, is baie meer as net 'n werkie.

Dit sê ons sien jou nood en behoefte raak en ons wil jou graag op 'n praktiese manier bystaan.

Ons benodig op die oomblik nog hulp by hierdie omgee-span. Jy kan help met broodjies maak of jy kan in die kombuis behulpsaam wees tydens die teedrink of albei.

Kontakpersoon: Riana by 061 419 5664.



### SKAKEL IN BY DIE OUDIOVISUELE BEDIENING

Ons is bevoorreg om begeleidingspanne en 'n orrelis te hê wat dit vir ons 'n vreugde maak om Sondae die Here te aanbid.

Sonder die Oudiovisuele span sou dit egter nie moontlik gewees het nie. Ons het op die oomblik nog lede hier nodig.

Indien jy op 'n Sondag by klank of data wil inskakel, kontak Thinus Fourie by 083 755 8519. Geen kennis of ervaring is nodig nie.

# WEES DIENSBAAR

### AFLOSKOSTER

Ons het behoefte aan 'n afloskoster om in te staan wanneer ons koster af is of met verlof is.

Dit sal gewoonlik oor 'n naweek of in 'n skoolvakansie wees.

Werk behels o.a. kosterwerk op Sondae, oop- en toesluit en soms ook skoonmaakwerk.

Die persoon (man of dame) moet oor eie vervoer beskik, fisies gesond wees en verkieslik iemand wees wat ingeskakel is en tot 'n mate bekend is met ons kerk-opset.

Daar is vergoeding aan verbonde (per oggend of per geleentheid). Kontak Jackie by die kerkkantoor vir meer inligting (021 981 2690 / admin@heidekoppie.com).



# UITREIKBEDIENING




## BENODIG VIR DIE UITREIKSPAN

JiA Klawer Uitreik benodig Woensdag oggend 5 Aug die volgende bydraes vir die Uitreikspan se padkos:

60 hot dog rolletjies
60 worsies
30 piesangs
60 Henties sappies (R5 by Visfabriek)
Kontak vir Elmari 0828644233 indien jy iets wil bydra.




Dit was 'n hoogtepunt om Nic en Tina Strydom by ons te ontvang!

Heerlike vars groente te koop by Ons Tuin, Brackenfel Stasie



# GEBED








*Uittreksel uit 'n nuusbrief van Yolandi Korkie:*
"Gedurende Mei is ek deur *Crisis Consulting International* genooi om 'n Vroue *Persoonlike Sekuriteit en Veiligheids*werkswinkel in Kenia aan te bied vir 'n bekende organisasie betrokke by vervolgde Christene.

Vir vyf dae het ons saamgestap met kosbare vroue vanoor die wêreld wat leef en dien in van die wêreld se mees vyandige streke.

Tydens die aanbieding het ek en my vriendin gevoel ons staan op heilige grond - stil het ons geluister na hulle verhale van daaglikse vernedering, hartseer, swaarkry, seksuele geweld en trauma .

Die foto links is geneem tydens ons afsluitingsgeleentheid, waar ons aan elke vrou 'n ring gegee het as herinnering dat sy 'n dogter van die Allerhoogste is.

Tog weet ons dat die Seun van God gekom het, en dat ons, as sy mense, geplaas is midde-in groot lyding om kruike te bring - kruike om klein stukkies van groot traumas in te dra, kruike om diep hartseer te hou, kruike om lewe en waardigheid uit te giet oor dié wat verpletter is, kruike van Lewende Water.
My gebed is dat ons dié wat ly, wat sy beeld dra, mag eer, en dat ons aanhou om klein treëtjies van geloof en liefde te gee sodat hulle nie weer oorweldig word nie - want ons Here Jesus het sulke treë vir ons gegee.

# BID OOK VIR:

Die **huwelikskursus** - dat die Here huwelike sal genees en sterker maak en gesinne nader aan Hom sal trek.

**Seniors en siekes:** Daar was die afgelope 3 weke 5 begrafnisdienste by die kerk. Die Winter is 'n moeilike seisoen vir mense wat reeds broos is.

**Ons geestelike leiers:** Anton en Adam is beide op die oomblik toegegooi onder werk en verpligtinge. Bid vir hulle vir gesondheid, energie, tyd en die Here se nabyheid en insig.





# HUWELIKSKURSUS

- Aanlyn
- 4 x 1 uur sessies Wo aande om 19:00 in Augustus
- R50/sessie (per paar of enkelpersoon )
  R150 indien al 4 sessies gedoen word.

*Vir ou getroudes & jong getroudes, gelukkiges & ongelukkiges. Almal kan baatvind by 'n sterker huwelik!*

## 19H00

| | | |
|---|---|---|
| 05 Aug | Amanda Swanepoel | DENKE |
| 12 Aug | Rose-Hannah Brown | KOMMUNIKASIE |
| 19 Aug | Bettie Rall | KONFLIKHANTERING |
| 26 Aug | Ilse Roux | FINANSIES |

## INSKRYWINGS

Kerkkantoor of Google-vorms:

HEIDEKOPPIE

Die Gemeente met Oop Deure

*Aanbieding is "live", maar die opname sal nog 'n week na die sessie beskikbaar wees.*